Donderdag 2 April

Skrifgedeelte: Genesis 2:9, 16-17; 3:21-24

Fokusgedeelte: Genesis 3:22-24

## God se genade beskerm die mens van 'n lewe in ewige ellende

Die mens se eintlike sonde is om soos God te wil wees en self te besluit wat reg en verkeerd is (Gen. 3:5). Die mens en sy vrou het geglo dat die boom van alle kennis hierdie goddelikheid vir hulle sou bring. Dit was egter 'n leuen, want die oomblik toe hulle van die boom eet, kom daar vervreemding. Om van God vervreem te wees, is die ewige dood – al besit jy kennis van alles. Net as jy God innig ken, Hom liefhet, het jy die ware lewe (Joh. 17:3).

Deur sy opstand het die mens wel in sekere opsigte "soos God" geword deur goed en kwaad te ken (vs 22). Dit beteken egter nie dat die mens God geword nie. Eiegeregtige denke en optrede, los van God, is nou die mens se voorland. En dit bring vir hom alleen ellende en diep ongelukkigheid.

Gister het ons gesien dat God die mens nie onmiddellik vernietig nie. Hy gee genadetyd. In ons fokusgedeelte lees ons van 'n tweede genadige beskikking, naamlik dat die mens nie vir ewig sal voortbestaan in ellende nie. Dit is wat sou gebeur as die mens ook sy hand uitsteek na die ánder boom in die middel van die tuin wat vir hom onsterflikheid sal gee (vs 23). Dit is ook wat sou gebeur as die mens steeds sou bly woon in die tuin, die plek van God se besondere teenwoordigheid. God se heiligheid sal die mens vir ewig verteer. Daarom dryf die HERE God die mens uit die tuin (vs 24) en laat die toegang tot die boom van lewe deur gerubs bewaak.

Die pad terug na God is nie 'n kortpad waar die mens onsterflik word, maar self nie verander nie. Die pad terug na God loop deur eeue waar God vir Hom 'n verbondsvolk uitkies waaruit die Messias gebore sou word. Jesus Christus is uiteindelik die Boom van die Lewe vir elkeen wat in Hom glo.

*Sing: Psalm 63-1:2, 3*

*Prof. PP (Paul) Krüger (Emeritus)*